6 NOVEMBER **SKRIFGEDEELTE: Psalms 119:65-80**
FOKUSGEDEELTE: Psalms 119:71-73 & 80

Swaarkry is goed vir jou

Die digter van Psalm 119 beskryf sy eie lewensomstandighede as 'n toestand van *nood.* Hy ervaar angs en benoudheid. Hy is ontsteld oor die lewe van die heidene en het 'n weersin in hulle optrede omdat hulle God se wet ignoreer. Hy het egter goeie insig waarom hy in hierdie toestand van *swaarkry* verkeer: dit het hom gehelp om ten volle op God se voorskrifte in sy woord te konsentreer. In ons tyd moet ons leer dat *geestelike* welvaart belangriker is as liggaamlike, aardse welsyn of rykdom (vs. 71-72). In ons land ervaar ons baie krississe. Jou lewe in Suid-Afrika is deel van 'n noodtoestand, 'n gevaarlike situasie deur die brutale optrede van mense wat God nie ken nie en nie wil leef volgens sy wil nie. Jou lewe is 'n lewe omsingel deur ongeluk, onheil en teenspoed. God leer ons in die optrede van die psalmdigter dat jy in sulke tye God moet eer en prys as jou Skepper. Dit leer ons ook in die doop dat as die kinders in die Naam van *God die Vader* gedoop word, betuig en verseël die Vader aan hulle dat Hy 'n ewige genadeverbond met hulle oprig, hulle tot sy kinders en erfgename aanneem en hulle daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van hulle wil afweer of tot hulle beswil beskik (doopsformulier). Dit is ook jou troos!

Sing: Psalm 73:11, 12 (Totius) *Dr Nico van der Merwe (Emeritus)*